# **Switch On** *to people*




Die volgende 2 maande gaan ons saamgesels oor die gedagte om aan te skakel vir mense, vir die Here en vir die kerk. Jesus is God se groot aanskakel na ons toe en ons gaan sy koms vier met die kerssangdiens.
Vandag se bybelstudie gaan oor die gedagte dat ons moet aanskakel vir mense. Met die lockdown het ons baie na binne geleef en maklik afgestomp geraak vir mense.

Maak eers tyd om saam te bid en sê vir die Here dankie vir elkeen wat deel is van die groep.

**Kyk nou na hierdie TED talk oor hierdie gedagte:**

https://www.ted.com/talks/betty_hart_canceling_cancel_culture_with_compassion?utm_source=whatsapp&utm_medium=social&utm_campaign=tedspread

**Gesels dan saam oor die volgende gedagtes:**

- Waarom dink jy cancel mense ander?
- Het iemand jou al gecancel – brei uit daarop as jy kans sien daarvoor.
- Hoe cancel ons mense?

- *Petrus het Jesus 3 maal verloën en nou konfronteer HY hom met drie ander belangriker vrae. Jesus kon vir Petrus laat skuldig of skaam voel het oor sy mislukking. Hy kon hom maklik gecancel het! Watter 3 vrae die Here elke keer vir Petrus?*

- **Hoe gelukkig is ons om te weet God skryf nooit mense af nie.** *Dink aan nog mense in die Bybel vir wie die Here baie maklik kon afgeskryf het.*

- **Wat dink julle is die rede dat die Here dit nie doen nie?** *Dalk is die vrae wat Hy vir Petrus vrae 'n belangrike sleutel om te verstaan wat vir die Here belangriker is.*

- **Hoe kan dit ons help in verhoudings met mense wat ons seer gemaak het of waar ons ander seergemaak het?**

- **Wat wil hierdie gedeelte vir ons vertel oor hoe ernstig Jesus is oor die herstel van verhoudings?**

  *Het jy al ooit ervaar hoe moeilik dit is om te bid as daar iets nie lekker is tussen jou en iemand naby aan jou nie?*
  *Of andersom gestel: Dit is makliker om te bid as daar min spanning is in jou naby verhoudings.*

**Toe vir Jesus gevra is wat is die beste samevatting of kern van die wet , het Hy nie gehuiwer om te sê "Liefde" nie. Liefde vir God. Liefde vir jou naaste. Liefde vir jouself.**

- **Hoe kan dit ons help om nie mense te cancel nie?**

.

**Daar is dalk verhoudings waarin jy seergekry het. Bid daaroor.**

**Daar is dalk verhoudings waarin jy seergemaak het. Wees eerlik en dapper genoeg om dit te bely *en te gaan regmaak.***

**Sê net vir die Here dankie dat Hy ons nie cancel nie!**